

GENOOTSKAP VRIJ-STATIA

HANNES HAASBROEK

Op 20 Junie 1979 is 'n vergadering van belangstellendes belê in die Nasionale Museum om te besin oor die moontlike stigting van 'n vereniging vir plaaslike geskiedenis in die O.V.S. Die meegaande foto is by dié geleentheid geneem. In die gewone volgorde verskyn mnr. Hannes Oberholzer, direkteur van die Nasionale Museum en sameroeper van die vergadering, prof. Jaap Bosch, rektor van die Bloemfonteinse Onderwyserskollege, mnr. J. Stemmet, hoof van die Hoërskool Sand du Plessis, en prof. P.J. Nienaber, direkteur van Provinsiale Museumdienste in die O.V.S.



'n Paar lede van die eerste bestuurskomitee op die aand van die stigtings vergadering.

Tydens hierdie vergadering is besluit om so 'n genootskap te stig en 'n loodskomitee is aangewys om die nodige aanvoorwerk te doen. Die stigtingsvergadering is gehou op 22 Augustus 1979 en daar is besluit op die naam van

GENOOTSKAP VRIJ-STATIA.

'n Konstitusie is reeds aanvaar en die eerste bestuurskomitee bestaan uit verteenwoordigers van die Nasionale Museum, die Oorlogsmuseum, die Militêre Museum Fort Bloemfontein, die Provinsiale Museumdiens, die Vrystaatse Argief, die Departemente Geskiedenis aan die U.O.V.S. en die Bloemfonteinse Onderwyserskollege, die Geskiedenisvereniging aan die Vrystaatse Universiteit, die Departement van Onderwys, die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, die Stigting Simon van der Stel en vier verkose lede plus 'n sekretaris.

Die hoofdoelstelling van die Genootskap omvat die bevordering van en 'n dienslewering vir die bewaring en bestudering van historiese oorblyfsels en oorlewing van alle bevolkingsgroepe in die Oranje-Vrystaat. Die Genootskap sal sy doelstelling bevorder deur gereelde byeenkomste en uitstappies vir lede en belangstellendes te hou, asook aktief deel te neem en behulpzaam te wees met die bewaring en beskerming van historiese gedenkwaardighede. Verder

sal die insamel van dokumente en stukke van kultuur-historiese waarde wat aan die verantwoordelike instansies, byvoorbeeld museums en argiewe, oorgedra sal word aandag geniet, terwyl inligting en kennis met betrekking tot die Vrystaat se historiese verlede ingewin sal word om dit aan betrokke instansies te verskaf of deur middel van 'n nuusbrief, inligtingsbrochure of ander publikasies bekend te stel.

Die Genootskap sal hom ook beywer om die twee Vrystaatse lede van die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede tot hulp te wees in die uitvoering van hul reusetaak en lede sal gevra word om te help met inspeksies, instandhouding van verklaarde gedenkwaardighede, opstel van memoranda omtrent terreine, geboue of voorwerpe wat verklaar behoort te word, ens. Die verwagting

is juis dat die R.N.G. in die toekoms meer sal moet konsentreer op nasionale gedenkwaardighede en dat bewaring op plaaslike vlak steeds tot 'n groter mate die werk en verpligting sal word van die Provinsiale Administrasie en stadsrade.

Die Genootskap is die eerste van sy soort in die O.V.S. en het op 'n tydstop tot stand gekom waarin die belangstelling in ons geskiedenis 'n groot oplewing toon en die behoefte aan so 'n Genootskap reeds groot is. Alle belangstellendes word uitgenooi om by die Genootskap aan te sluit en hul deel by te dra tot die vermeerdering van kennis omtrent die Vrystaatse Geskiedenis en die bewaring van ons erfenis. (Junior lede R1,00; senior lede R5,00; Inrigtingslede R10,00). Aansoekvorms is verkrygbaar by die Nasionale Museum.

SPESIALE KINDERUITSTALLING

Van 1 tot 12 Oktober is daar 'n spesiale Kinderuitstalling in die Nasionale Museum gehou. Die program het die volgende ingesluit:

- * Uitstalling van historiese kinderklere.
- * Driedimensionele uitstalling oor die Openbare Kinderbiblioteek.
- * 'n Marionettevertoning deur SUKOVs.
- * Daaglikse filmprogram.